

Inhoud Christus maak ons diens aan God onverganklik, onbesmet en onverwelklik, omdat Hy ons as mense liggaamlik weer uit die dood sal laat opstaan. Ons diens vandag aan die Here is deel van ons toekoms, nie deel van ons verlede nie. Met hierdie hoop kan ons aanhou goed doen deur swaarkry heen.

Skriflesing 1 Petrus 1: 3 -9; 17 – 21; 2: 9; 4: 12,13 en 19

Teks: 1 Petrus 1: ²¹Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.

Tema: Christus laat ons in die heerlijkheid deel dat God ons en ons diens onverganklik, onbesmet en onverwelklik laat wees.

1. Onverganklik, onbesmet en onverwelklik!

Petrus gebruik hier woorde uit die landbou om die waarde wat die opstanding van Here Jesus Christus as mens uit die dood aan ons en ons lewe gee, te verkondig.

Met hierdie woorde wys hy wat is die werklike probleem van landbougewasse – verganklikheid, smet en verwelking. Ons noem dit van dag beperkte rակlewe, swamsiektes wat vrugte besmet en die skade van hitte sonder water, verwelking wat vlekke en ander skade op vrugte wys.

Dit is alles wat landbouprodukte se waarde verminder en vernietig – beperkte rակlewe, besmetting en verwelking. Petrus wys dat dit ook die waarde vermindering is wat sonde op die mens se liggaamlike bestaan bring – dit gee ons as mense se liggaamlike bestaan 'n beperkte rակlewe, dit besmet ons lewe en dit laat ons as mense in ons menswees en liggaamlikheid verwelk.

Dit is wat Jan se dood vir ons weer bevestig – dat ons waarde as mens verminder word deur ons verganklikheid, ons besmetting en ons verwelking. Ons liggaamlikheid wys van ons geboorte af hierdie merktekens van waarde vermindering.

Die dood is die mag wat hierdie waardevermindering van ons menswees verseël met die gevoel ons rակlewe is klaar en verby. Daarom is die dood die krag wat ons hoop op die lewe behoort weg te neem met die finale slag van waardeloosheid – besmet, verwelk en rակlewe wat verby is.

2. Die besondere van die apostel Petrus se aankondiging en evangelieverkondiging in hierdie brief is dat hy nie die woorde verganklik, besmet en verwelk gebruik om ons liggaamlikheid as mens te beskryf nie, maar presies net juis die teenoorgestelde

- Hy kondig aan dat ons die hoop het op onverganklikheid, dit is 'n onbeperkte rակlewe,
- Die hoop op onbesmetheid – dit is 'n lewe wat geen swam-skade kan kry nie en

- Die hoop op onverwelktheid – dit is 'n lewe wat nie deur hitte-uitputting beskadig kan word nie.

Hierdie hoop kondig hy in een kort en kragtige sin aan: Deur sy wonde is julle genees!
Genees van wat?

Van die siekte wat ons werkloos maak. Dit is die aksent wat die apostel Petrus plaas sonde en die gevolg van sonde. Die wil om volgens jou sondige begeertes te wil leef maak jou onbekwaam om te kan doen waarvoor jy deur jou Skepper gemaak is.

Hierdie siekte ontnem jou die heerlikheid om te kan doen wat jy kan en waarvoor God jou bestem het: omdat jy elke diensgeleentheid misbruik vir jou eie agenda, jou persoonlike sondige begeertes, mág jy nie meer in God se diens staan en mág jy nie meer jou roeping teenoor God vervul nie.

Sonde wat jou uitlewer aan 'n oorgeërfde sinlose bestaan soos die apostel dit noem: om nooit die werk te kan of te mag doen waarvoor jy bestem is is nie.

3. Deur sy wonde is julle genees!

Die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is: Jesus wat as mens sonder sonde is en heilig is in sy diens aan God die Vader, sterf as sondaar in ons plek.

Die kontras tussen wie ons en Christus is, word weer met 'n landbou voorbeeld uit die veebedryf gestel – 'n vleklose lam, sonder liggaamsgebrek. Dit is wie Christus liggaamlik as mens was. Sonder die liggaamsgebrek. Liggaamsgebrek beskryf Petrus uit die gewas-bedryf as verganklik, besmet en verwelklik.

Dit is wie Christus as mens vir ons kom wees het – die mens sonder liggaamsgebrek, onverganklik, onbesmet en onverwelklik. Deur sy wonde is julle genees beteken dat Christus ons loskoop met die magsdaad dat Hy wat sonder liggaamsgebrek is, die offer word vir ons wat vol gebreke is.

Wat beteken loskoop deur Christus? Dit beteken dat Hy weggegooi word as die Een wie nie rակlewe het nie in ons plek.

Dit is die magsdaad waardeur Christus ons loskoop uit 'n lewe waar ons God nie mag dien en nie ons roeping teenoor God mag vervul nie, soos vrugte wat gou sleg word, besmet is en verwelk het, nutteloos en onbruikbaar is.

Petrus verbind hierdie nutteloosheid en onbruikbaarheid met die roeping van die mens – en dan beteken dit om nie vir God te kan werk nie.

Daarom koop Christus ons los van hierdie nutteloosheid en onbruikbaarheid – van ons werkloosheid vir God. Losgekoop uit die ellende van werkloosheid!

4. Verlossing is vir die apostel verlossing van werkloosheid!

Dit is bietjie 'n ander aksent as verlossing van skuld en straf.

Die straf van ons sonde beteken dat hier is 'n mens wat gemaak is met die talente om 'n diens te kan vervul, wat bedoel is om te doen waarvoor hy gemaak is en dit nie mág doen nie.

Ons fokus baie keer op die straf van sonde as oordeel en die ellende van sonde. Maar die aksent hier lê anders. Dit gaan hier oor die lewe wat jy bedoel is om te leef wat jy nie meer kan of mag leef nie, en dit is tog die langste en ingrypendste deel van straf: 'n lewe in die tronk as straf.

Afgedwingde werkloosheid: jy is bekwaam in jou beroep, jy is toegerus vir jou beroep, jy kan jou beroep vervul, maar as straf mag jy dit nie doen nie.

Jy moet as straf werkloos wees!

Dit is die kragtige betekenis van Christus se werk as Here: sy wonde bring genesing: Hy laat jou in die heerlijkheid deel om weer aan God gehoorsaam te mag wees in die diens waartoe God jou geroep het.

Jy mag jou Skepper dien in liefde as sondaar. Hierdie verlossing maak dat jy in Petrus se woorde weer vir God kan werk en diensbaar wees as deel van “n uitverkore geslag”, “n koninklike priesterdom”, “n heilige nasie”, “n volk wat aan God behoort”, sodat julle die deugde kan verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbaarlike lig – “n heilige priesterdom om geestelike offers te bring wat deur Christus vir God aanneemlik is.” (2: 5 en 9)

5. Dit is die mag wat Christus vir ewig verbreek het met sy dood en opstanding: Hy het homself ons Herder en Bewaker gemaak van die nuwe lewe wat Hy in en deur sy opstanding aan ons skenk.

Hy is ons Herder in ons priesterlike, koninklike diens aan God en in hierdie diens is Hy ons Bewaarder: ons bly vir ewig vir God in ons diens en liefde behoue.

'n Liefdesdiens wat vir God nooit verlore kan gaan nie, want dit is 'n liefdesdiens in gemeenskap met Christus. Hy gee as Herder en Bewaarder hierdie ewigheidskwaliteit aan ons liefdediens aan God:

Onverganklik, onbesmet en onverwelklik vir Hom!

En dit is die lewende geloof en hoop in ons harte: ons liefdesdiens aan God is onverganklik, onbesmet en onverwelklik.

Want Hy self is na sy opstanding as mens uit die dood lewend weer mens en Hy is as mens in sy liefde vir God: onverganklik, onbesmet en onverwelklik. Hy is in wat Hy as mens is na sy opstanding uit die dood ons hoop op wat Hy ons laat wees.

6. Dit is die betekenis van ons eie opstanding uit die dood: Christus is ons Herder en Bewaker en Hy sal ons in ons liefdesdiens aan die Here nooit laat vergaan tot niks, nooit laat sleg word en verwerp nie, nooit laat waardeloos word nie.

Die liefdesdiens waartoe die Here ons loskoop en met ons deel, laat Hy Hy deel in dit wat Hy as mens vir God is, onverganklik, onbesmet en onverwelklik wees – vir ewig.

Dit is die hoop waarin Jan geleef en boer was en die hoop waarin hy gesterf het!

Werksaam in diens van God! God laat my liefdesdiens en my menswees vir Hom onverganklik, onbesmet en onverwelklik wees.

Die Here het Jan losgekoop uit 'n oorgeërfde sinlose bestaan en sy lewe 'n lewe van diensbaarheid teenoor God laat wees – deur Hom in te sluit in wat Hyself vandag in die hemel is.

As daar een woord is wat Jan se lewenshouding opsom, is dit die woord roeping. Roeping tot diens!

Jan het in elke lewensoomblik en geleentheid die geleentheid van werk en diensbaarheid raakgesien, opgeneem en hom in sy hele menswees daaraan toegewy. Hy was altyd gefokus op die werk wat tot nut van mense is.

Jan was nooit gefokus en jy kon hom nooit gefokus kry op konflik, geweld, gevegte, gestryery en bakleiery nie. En dit was nie omdat hy 'n pasifis of 'n mens was wat hom self nie kon handhaaf nie. Hy het homself altyd met beslistheid gehandhaaf, maar sy lewe lewe was 'n roeping: die heerlijkheid om te mag diensbaar wees in huis en arbeid! Die heerlijkheid om man, pa, oupa, oom en boer te mag wees.

Hy het hierdie heerlijkheid om diensbaar saam te wees en in die vrug van diensbaarheid met mekaar te wees altyd verwoord met die woord: lekker! Dit is mos lekker!

7. 'n Egtheid kosbaarder as goud!

Dit is hoe die apostel hierdie lewe uit die geloof in Jesus Christus beskryf. Kosbaarder as goud wat verganklik is! Dit is die heerlijkheid waartoe Jesus Christus Jan se werksaamheid, diensbaarheid in liefde gee.

Vir elkeen van ons wat hier is, in veral Jan se familie, is dit wat sy lewe met en vir ons beteken het – 'n egtheid kosbaarder as goud! Egte menswees, egte liefde, egte meelewendheid, egte samesyn, egte meegevoel, egte begrip, egte verdraagsaamheid, egte hulp en bystand.

Eg sonder ander agendas en ander bymotiewe!

Dit is hoekom sy dood ons elkeen so diep raak – egtheid wat verlore is vir hom en vir ons! Is dit wat met hom en ons gebeur het in sy dood? As dit só is dan is die woorde van Paulus in 1 Korintiërs 15: 19 vandag vir Jan en ons die waarheid:

“Indien ons hoop slegs vir hierdie lewe op Christus gevestig is, is ons die bejammerenswaardigste van alle mens.” Want dan is Jan se egtheid – soos goud

wat verganklik is! Kosbaar maar klaar! Kosbaar maar verby! Kosbaar maar uitgedien! Was dit kosbaar maar is dit nou vir hom en ons nutteloos!

Daarom moet u hoor watter waarde die Here deur sy eie opstanding uit die dood aan Jan se diensbare liefde gegee het – nie so kosbaar soos goud wat verganklik is nie, maar kosbaarder as goud wat verganklik is.

Jan se diensbare liefde, sy egtheid in sy menswees vir God en ons – is deel van die liggaam van vleis en bloed wat die Here vir hom sal gee wanneer die Here hom uit die dood sal laat opstaan, net soos die Here self uit die dood uit opgestaan het.

So het die Here aan Jan die diensbare liefde hierdie waarde toegevoeg reeds van sy geboorte af – onverganklik, onbesmet en onverwelklik – deel van ons ewige lewe met God.

Dit is hoe ons van Jan vandag moet afskeid neem – nou weg vir ons, maar nooit vir God en ons verlore nie. Nou weg, maar nooit vir altyd klaar nie. Egtheid wat ons weer sal deel en met mekaar sal leef, vir ewig! Weg, maar nooit verganklik, besmet en verwelk nie. Want die Here is en bly vandag, deur die dood en tot in die nuwe skepping ons Herder en Bewaker!

8. Kosbaarder as goud wat gelouter is!

God het Jan en sy liefdesdiens gelouer om kosbaarder te wees as goud wat gelouer is. Hierdie loutering som die apostel Petrus op met hierdie oproep in 1 Petrus 4: ^{“19} Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.”

Loutering beteken om met vuur alle onsuiverhede uit goud uit te haal sodat dit net goud en niks anders is nie.

Dit is die nuwe betekenis wat die Here Jesus Christus deur sy opstanding uit die dood aan ons swaarkry in hierdie wêreld gee. Swaarkry tot in die dood toe kan nooit die waarde van ons liefdesdiens vir God vernietig nie, want Christus maak dit deel van ons ewigheid. Swaarkry in hierdie voeg daarom waarde toe aan ons lewens want dit laat ons aanhou goed doen deur swaarkry.

Aanhou goed doen deur swaar kry heen, omdat ons vir God kosbaarder is as goud!

Dit is hoe Jan sy liggaamlike gebrek gedra het – deur met sy liggaamlike gebrek aan te hou goed doen deur te boer, reg te boer goed te boer en vooruit te boer. Deur liggaamlike swaarkry heen het hy net aanhou goed doen. Sou Jan as tiener na 'n beroepsielkunde toe gegaan het, sou dié hom aangeraai het om met sy gebrek 'n kantoor werk te kry want die liggaamlike swaarkry om te boer sou vir hom te veel gewees het.

Maar Jan het met die gebrek aanhou goed doen deur swaar kry heen, omdat ons diensbaarheid vir God kosbaarder is as goud!

Dit is hoe Jan die dood van sy kind, droogte, oorspoelings, vuur en hael deurleef het.

Hier in die erediens het hy met die geloof in die evangelie nooit hierdie swaarkry as God se straf en oordeel geglo nie, maar die lydsaamheid saam met ons opgeneem dat ons swaarkry is binne die goeie wil en voorsienigheid van God. God laat ons nie swaarkry om ons te bekeer of lesse te leer nie. Hy lei ons binne sy besluite terwyl ons steeds binne sy liefde bly.

Met hierdie geloof het Jan in swaarkry altyd weer nuut gedink en nuut beplan met hierdie lewensingesteldheid – ons hou aan goed doen deur swaarkry heen omdat ons vir God mag dien en werk.

Dit is hoe Jan diensbaar was in tyd toe ons gesag uitgeoefen het en belastingbronne gehad het. Hy het leiding geneem en die Gemeenskapsontwikkeling Vereniging help stig om Levubu se arbeiders op te hef. Hy het leiding geneem om 'n spesiale plaasskool, Tshtingulu, te stig. Aanhou goed doen, ook terwyl dit met ons goed gaan. Jan het nooit geboer om ryk te wees nie. Hy het deurdag, goed en vooruit geboer, omdat dit sy roeping en liefde was, nie net 'n maner om ryk te wees nie.

Dit is hoe Jan diensbaar was teen die geweld van terrorisme. Hy het sy kommando-diens net so getrou opgeneem en uitgevoer soos al sy ander verpligtinge. Hy wou sy eie gemeenskap beskerm en beveilig. In hierdie kommando-diens het Jan een keer na my gekom, diep verontwaardig, gegrief en gekrenk en vertel hoe kommando-lede 'n ou Venda-man verneder het deur hom sy hele bakkie af en weer op te laat laai. Eie gemeenskap in kommando beskerm, maar seer in magsmisbruik. Jan wou nie sleg wees en die Venda gemeenskap kwaad aandoen nie. Deur die swaar kry van dreigende terrorisme het hy aangehou goed wees vir sy eie en die Venda gemeenskap.

Dit is hoe Jan grypsug van magtiges deurleef het. Hy wou goed wees in die nuwe bedeling en het gevoel hy wou saamwerk om 'n nuwe gemeenskap op te bou. Daarom het hy nie die grypsug beveg nie, maar net weer aanhou goed doen, deur weer te boer. Al was dit nou terwyl hy die beste landbou grond aan die plundersaars moes afstaan en van vooraf op grond moet gaan boer wat in die verlede net as weiding beskou is en nie geskik vir landbou nie. Deur die vernedering van 'n regering wat landbou onvriendelik geword het en boere straf vir hulle kosproduksie, het hy net net aanhou boer – aanhou goed doen.

Dit is hoe hy ook die aanval op hom en Elize en sinlose plaasmoord op sy broer deurleef het. Hy het weerstand teen die geweld gebied om hom en Elize te beveilig, hulle na die tyd beveilig en met Hennie se moordenaars reg en geregtigheid geëis. Terselfdertyd was Jan daarop ingestel dat hy nie met haat bemagtig mag word nie en hy het nog steeds aanhou goed doen.

Kosbaarder as goud wat gelouer is! Volgehoue liefdevolle diensbaarheid deur swaarkry heen!

9. Hoe?

Hoe leef mense wat in hulself sondig is só - aanhou goed doen deur swaar kry heen?

Ons leef só omdat Jesus Christus ons van werkloosheid vir God verlos het. Ons mag vir God boer as deel van 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie, 'n volk wat aan God behoort, sodat ons die deugde van Hom wat ons uit die duisternis geroep het na sy wonderbaarlike lig kan verkondig.

Ons is mense wat in onself verganklik, besmet moes wees het en moes verwelk het, maar daarvan is ons losgekoop deur die vleklose Lam.

Ons leef elke dag in hierdie geloof - Hy sal my diens heilig en vir Hom onverganklik, onbesmet en onverwelklik laat wees deur my net soos Hy as mens uit die dood uit opgestaan het, uit die dood sal opwek om weer mens met Hom in die nuwe skepping te wees. Ons liefdediens is deel van ons ewige lewe met God.

10. Ons kan vandag Jan met herinneringe oor wie hy in die verlede was. Dit is ook nodig en deel van ons menswees. Maar daarin is iets opgesluit van die wanhoop – sy raklewe is klaar en verby.

Ons kan probeer om Jan 'n voorbeeld te maak wat ons moet onthou en navolg of net eer as gemeenskapsleier. Dit moet ons ook doen, maar ons glo nie hier in geestelike rolmodelle nie. Jan wou nie een wees en ons kan ook nie van hom een maak nie.

Maar ons is saam met hom deel van die lewende hoop wat Jesus Christus as 'n lewende mens in die hemel vandag is wat uit die dood uit opgestaan het!

Ons deel saam met Jan die hoop waarin hy geleef het – in my geestelike offers, my werk as diensbare liefde is ons elkeen vir God onverganklik, onbesmet en onverwelklik.

En so sal ons weer met mekaar wees. Daarom kan ons nou afskeid neem – en gelouter word deur aan te hou goed doen, tot ons weer die ewige lewe met mekaar as lewende mense wat uit die dood uit opgestaan het met mekaar gaan deel.

Kom ons neem weer in ons afskeid van Jan hierdie lewe met die Here op – ons leef 'n lewe kosbaarder as goud wat gelouter en getoets word, ons leef in die wonder van diensbare liefde wat die Here

Onverganklik.
Onbesmet
Onverwelklik

Laat wees in hierdie wêreld waar alles tydelik, besmet en verwelklik is – wat die dood van Jan ook in ons gemoed bevestig.

Dan treur ons, rou ons, is ons eensaam, is ons bietjie koersloos, bietjie verward en alleen, maar ons dra dit die wyse waarop ons sal aanhou goed doen met die doop waarin ons leef – ook hierin is ons onverganklik, onbesmet en onverwelk in God se liefde.